

29 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 16

Fokusgedeelte: Psalm 16:3

Ek behoort aan die Here

Op 'n dag het Dawid ernstig nagedink oor sy lewe, nie oor alles wat kortkom nie, maar oor alles wat hy onverdiend uit die hand van die Here ontvang het. Die resultaat van sy nadenke vind ons in Psalm 16. Die ontdekking waartoe hy kom, laat hom bly uitroep: "'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi."

In sy nadenke het hy verrassende dinge ontdek. Die eerste besef waartoe hy gekom het, was dat hy aan die Here behoort. Dankbaar bely hy (vers 2): "Ek behoort aan U, daar is vir my niks goeds nie behalwe by U." Dat hy aan die Here behoort, het hom in sy daaglikse stryd bemoedig en vertroos. Die wete dat hy in 'n vyandige wêreld by die Here is wat hom beskerm en lei, was vir hom 'n groot gerusstelling.

Is dit ook die eerste gedagte wat by ons opkom in ons persoonlike nadenke oor ons lewe? Ons bely mos ook dat ons met liggaam en siel in lewe en in sterwe aan Jesus Christus behoort. Daar is vir ons niks goeds behalwe by Hom nie. Hy het ons gekoop met sy bloed; daarom beskerm en lei Hy ons deur sy Gees en Woord in 'n vyandige wêreld. Sal ons dan nie ook jubelend uitroep nie: Wat ons ontvang het, is vir ons mooi!

Sing: Psalm 91:1 Ds EJ Smit (Emeritus)